

Sing saam!

Nie net beloop die groot skatkis van Afrikaanse rympies en liedjies ure se pret nie, dit gee jou kroos ook 'n leervoorsprong. Hier is ons gunsteling.

DEUR LOUÏNE VAN DER VYVER

MY HEEL EERSTE LIEDJIES

Daar's 'n apie op 'n stokkie

Daar's 'n apie op 'n stokkie voor my ma se agterdeur
Daar's 'n gaatjie in sy broekie en sy ster-tjie loer daardeur
Hola-hie, hola-ha
Hola-hie-ha-hie-ha-hie-ha
Hola-ha-ha-ha-ha-ha

My ou katjie miaau-miaau

My ou katjie miaau-miaau
Hy is baie soet
My ou katjie miaau-miaau
Hy is baie soet
Miaau-miaau
Miaau-miaau
Hy is baie soet
Miaau-miaau
Miaau-miaau

Paddatjie paddatjie

Paddatjie, paddatjie wat maak jy daar
Kwaak, kwaak, kwaak
Kwaak, kwaak, kwaak
Daar op 'n blaar
Hier kom die eendjie uit onder die brug
Paddatjie skrik so hy val op sy rug

Die vissies

Die vissies die swem in die water
Hulle swem so al wat hulle kan
Hulle swem tussen klippe en gate
Daar in die ou plaasdam

Hasie in die holte

Hasie in die holte
sit en slaap
Arme hasie is jy bang
Kyk net hoe jou ore hang
Hasie hop
Hasie hop
Hasie hop hop hop hop

Brandweerwa

Piepô-piepô wat maak so 'n groot geraas?
Dis die grote brandweerwa
Iemand het vir hom gevra
Kom tog gou die vuur is groot
Spuit vir ons die vlamme dood

Kapoetie

Kapoetie, kapoetie, kapat
Die eseltjie ry na die stad
Hy pluk aan sy toompie
en sukkel met oompie
en trek sy twee lang ore plat

Tortelduifie

Tortelduifie koer in die eikeboom
Sing die lied van sy lewensdroom
Koer tortelduifie
Koer tortelduifie
by die waterstroom

As jy ooit 'n leeu wil vang

As jy ooit 'n leeu wil vang
in die dag
of in die nag
Gooi sout op sy stert en wag!

Kop en skouers

Kop en skouers knieë en tone (x 2)
God het my gemaak
Ogies ore neus en mond (x 2)
God hou my gesond

Twee raaisels

Hier kiep-kiep, daar kiep-kiep,
Woerts in die hoekie! (besem)

So groen soos gras, so wit soos was
So rooi soos bloed, so suikersoet.
(waatlemoen)

